**Titel:** Generasie tot generasie
**Spreker:** Alistair Kingwill
**Datum:** 8 Maart 2015
**Tyd:** 09:00

shofar

**'n Waarskuwing**

**maleagi 4:5-6 (OV)**

[5] Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. [6] En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.

**God van generasies**

**deuteronomium 7:9 (NV)**

[9] Weet dan nou: die HERE jou God, Hy is God. Hy is die betroubare God wat sy verbond in stand hou en sy troue liefde betoon tot aan die duisendste geslag van hulle wat Hom liefhet en sy gebooie gehoorsaam,

**Is ons voorbereid vir Jesus?**

**lukas 1:17 (OV)**

[17] En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei.

1. **'n Hartsverandering in elkeen**

**psalm 51:11-13 (OV)**

[11] Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregtighede. [12] Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. [13] Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie.

**mattheus 18:3-4 (OV)**

[3] en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! [4] Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele.

2. **Herstel van die generasies**

**efesiërs 6:1-4 (OV)**

[1] Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. [2] Eer jou vader en jou moeder—dit is die eerste gebod met 'n belofte— [3] sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde. [4] En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.

3. **Seën op die aarde**

**psalm 112:1-2 (NV)**

[1] Prys die Here! Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien, wat al sy vreugde vind in die gebooie van die Here.[2] Sy nageslag is 'n sterk krag in die land, die geslag van die opregte word geseen.

**galasiërs 3:13-14 (OV)**

[13] Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang—[14] sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.